

Redaksioneel

Terwyl in Europa aan die begin van die twintigste eeu 'n stemming van kultuuroptimisme geheers het, het aan die suidpunt van Afrika 'n verwoestende oorlog plaasgevind wat algemeen as die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) bekend staan. Binne die volgende halfeeu sou Europa egter self twee maal tot op sy fundamente geskud word deur die twee wêreldoorloë van 1914-1918 en 1939-1945.

Soos die twee wêreldoorloë in Europa het die Anglo-Boereoorlog ook 'n ontsaglike invloed uitgeoefen op die (wit en swart) Suid-Afrikaanse samelewing. Nie net is totale samelewings ontstig en byna verwoes nie, maar ook kerklik was die gevolge vernietigend. Kerkgeboue is afgebrand, gelowiges het op die slagveld gesneuwel, gemeentes is verstrooi en geen kerklike vergaderings kon gehou word nie.

Spesifiek vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika was die gevolge baie nadelig, in dié sin dat die teologiese opleiding te Burgersdorp vir bepaalde periodes gestaak moes word, studente op die slagveld gesneuwel het en selfs 'n professor gevange gehou is.

Die Anglo-Boereoorlog lewer 'n duidelike illustrasie van een van die donker kolle in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Na honderd jaar is dit eintlik vanselfsprekend om teologies terug te skou en verder na te dink oor daardie donker gebeure. Gevolglik het die redaksie 'n aantal skrywers uitgenooi om vanuit 'n bepaalde hoek na die gebeure te kyk. Graag sou ons méér artikels wou geplaas het, maar dit was – helaas – nie vir almal moontlik om betyds te reageer nie. Die verskyning van hierdie nommer beteken nie dat die besinning oor hierdie onderwerp afgehandel is nie. Indien navorsers nog artikels vir latere nommers wil voorlê, sal dit graag oorweeg word.

Amie van Wyk
Hoofredakteur